GEMOEDSRUS -plan

Hulp vir werkers met sterfte in gesin

Polis kan werkers help met die koste van 'n begrafnis.

KGA is 'n geregistreerde verskaffer van finansiële dienste en onderskrywer van die Gemoedsrusplan. FDV nr. 15980.

Geen mediese ondersoek. Bel nou 021 944 6330 of 021 944 6346 vir onmiddellike dekking – dis hoe maklik dit is.

Elke jaar sterf talle plaaswerkers. In die meeste gevalle moet die boer die koste van die begrafnis dra. Die boer kry selde daardie geld terug. Juis daarom bied *Landbouweekblad* 'n gemoedsruspolis met die samewerking van KGA.

Die plan word onderskryf deur KGA Lewens (FDV nr. 15980). Dit bied 'n sterftevoordeel met 'n bykomende voordeel van R10 000 as die hooflid in 'n ongeluk sterf, regsondersteuning, vervoer van 'n stoflike oorskot, Access Health-hulplyn en noodvervoer met gewaarborgde toegang tot 'n hospitaal.

Ingesluit is ook daaglikse voordele wat benut kan word, dekking deur 'n gespesialiseerde versekeringsmaatskappy en gewaarborgde aanvaarding met 'n rekord-uitbetaling van eise – gewaarborg binne 24 uur.

Rede vir die plan

Die begrafnisbedryf in Suid-Afrika is divers vanweë die kombinasie van Eerste- en Derdewêreldwaardes, kulture en leefstyle. Suid-Afrika gaan ook gebuk onder 'n MIV/vigspandemie en hoë moordsyfer.

Die koste van begrafnisse, onbetroubare begrafnisskemas en die uitbuiting van lede het *Landbouweekblad* laat besluit om vir sy lesers die Gemoedsrusplan te skep.

Die Gemoedsrusplan bied nie net voordele in geval van 'n sterfte nie, maar ook unieke voordele vir lewende lede. Koste word laag gehou omdat regstreeks met 'n vertroude versekeringsmaatskappy gewerk word. Die plan is iets waarop elke *Landbouweekblad*-leser kan steun in 'n tyd van nood. Boonop is dit verspot-maklik om aan te sluit. Die boer hoef net 'n aansoekvorm van een bladsy in te vul en al sy werkers is gedek.

Voordele van kontantuitbetaling

KGA waarborg dat eise binne 24 uur in kontant uitbetaal word. Die voordele is:

- Die lid kan kies wie die begrafnis behartig.
- Die lid kan onderhandel oor die koste van die begrafnis en dienste. Besparings kan benut word vir ander belangrike geleenthede.
- Die lid kan onmiddellik reëlings begin tref.

Met die kontantuitbetaling kan ná 'n sterfte doeltreffend beplan word. Die feit dat die kontant binne 24 uur beskikbaar is, gee die familie gemoedsrus. LB

Voordele sluit die volgende in:

- 'n Uitbetaling in geval van 'n sterfte met 'n bykomende voordeel in geval van 'n sterfte weens 'n ongeluk (sien hieronder).
- Die vervoer van die stoflike oorskot na die begrafnisonderneemer van die familie se keuse op enige plek in Suid-Afrika.
- 24 uur-regsondersteuningsdienste sluit 'n telefoniese regsadvieslyn , 'n standaard-regsdokumentdiens en 'n diens van regstreekse regskonsultasie in.

24 uur-noodbystand

- Access Health sal kliniese inligting, feitelike data en algemene inligting deur sy verpleërs bekend maak ingevolge Access Health se gesondheidsvoorligtingsriglyne aan begunstigdes wat belangrike mediese besluite moet neem.
- KGA Assist sal aan die begunstigde (of diegene wat namens die begunstigde 'n oproep maak) telefonies inligting en raad verskaf oor enige mediese noodgeval, sodat noodbystand onmiddellik beskikbaar kan wees aan enigeen wat 'n ernstige besering of mediese toestand het, totdat 'n mediese span opdaag.

OPSOMMING VAN VOORDELE

GESIN	R5 000-OPSIE	R10 000-OPSIE
Hooflid	**R5 000 + R10 000**	R10 000 + R10 000
Gade	**R5 000**	R10 000
Kinders 14 - 21	**R5 000**	R10 000
Kinders 6 - 13	R2 500	R5 000
Kinders < 6 asook babas	**R1 250**	**R2 500**
Maandelikse premie	**R41**	**R55**
* KGA Assist ingesluit in albei opsies		